Mev du Toit is Laer Volkskool se Opvoedkundige Sielkundige.

Mev du Toit sien Laer Volkskool se leerders op die terrein gedurende skoolure van Maandae tot Donderdae. Sy het ’n kantoor by die skool en sy sien leerders van daar af. Onderwysers verwys leerders na Mev. du Toit, indien hul voel dat ’n kind daarby sal baat vind. Indien u kind verwys word sal Mev. du Toit met u as ouer/voog in verbinding tree.

Mev. du Toit sien leerders met die volgende struikelblokke:

- Gedrag en emosionele probleme
  - Aggressie
  - Neurotiese gedrag
  - Onttrekking
  - Regressie
  - Onbeheerde emosies
  - Swak selfbeeld
  - Angstigheid
  - Traumatiese ervaringe
  - En enige ander emosionele moeilikhede wat ’n kind daarvan weerhou om normaal en gelukkig te funksioneer.
- Leerprobleme (enige probleme wat optimale leer belemmer)
  - Konsentrasie probleme
  - Disleksie
  - Fisiese agterstande
  - En enige ander hindernis wat ’n kind daarvan weerhou om effektief te leer of te vorder.

  Dit is belangrik om te onthou dat leerders leerprobleme vir verskeie redes ondervind. Mev. du Toit is hier om ons te help om hierdie redes te ondersoek en dan vir u kind hulp te bied of te verwys na die regte kundige persone.

- Psigometriese evaluasies
  - Skoolgereedheid
  - Skolastiese evaluasies vir lees, leesbegrip, spelling en wiskunde
  - Persepsie toetse – visueel en ouditief
  - Emosionele evaluasies
  - Intelligensie toetsings
  - Aanleg toetsings

- Identifisering en verwysing van patologieë (ernstige versteurings), bv.
  - ADHD
  - Outisme
  - Angsversteurings

Mev. du Toit bied ook die volgende terapeutiese sessies vir die kinders, ouers en gesinne van Laer Volkskool:

- Gesins - of ouerleiding met betrekking tot kinders met opvoedkundige probleme
- Gesinsterapie
- Huweliksberading / Terapie vir paartjies
- Groepterapie
- Individuele terapie insluitend spelterapie

Indien U met mev. du Toit in verbinding wil tree, is u welkom om haar te skakel by 0768433533.